higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5050063)

17 November 2023 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

136Q1N2317

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

informele; basiese; ondersoek; behoeftes; krediet; kommunikeer; groei; sistematies; beskrywende; verstandelike; begrip; teorie; interpretasie; kennis; hiërargie

1.1 Wanneer jy sekere reëls volgens die metode van navorsing toepas en data op 'n geordende wyse insamel, is jy … in jou ondersoek.

1.2 'n Navorser moet sy of haar bevindinge aan ander … .

1.3 … is die proses om sin te maak uit die inligting wat jy ingesamel het.

1.4 Die doel van navorsing is om 'n … oor 'n verskynsel te skep.

1.5 Om te navorsing te doen beteken om 'n sekere verskynsel te … of om daaroor navraag te doen.

1.6 … navorsing behels die ondersoek van 'n verskynsel en om dit volledig te definieer.

1.7 … verwys na die vermoë om te wys dat jy konsepte en feite verstaan, en hoe om dit te interpreteer.

1.8 … leer verwys na kennis wat 'n persoon tydens interaksie met mense by die huis of in die gemeenskap verwerf.

1.9 … verwys na die vermoë om te wys dat jy konsepte, feite, terme en antwoorde onthou.

1.10 Om aan iemand … te gee, beteken om te erken dat hy of sy iets geskryf, gesê of gedoen het.

1.11 'n Persoon se … sal hom/haar motiveer om iets daaromtrent te doen.

1.12 … van behoeftes verwys na die verskillende menslike behoeftes, in volgorde van belangrikheid.

1.13 Die … behoeftes van Maslow, sal nooit ten volle bevredig word nie en sal ons voortdurend motiveer om ons volle potensiaal te bereik.

1.14 Voordat 'n kind by die skool kan begin leer, moet sy of haar … behoeftes vervul word.

1.15 Fisiese, ... en sosiale gesondheid sal 'n persoon se welstand verseker.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.20) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Nadat 'n navorser die data wat ingesamel is ontleed het, word die inligting met ander opvoedkundiges gedeel, om tydens die onderrig- en leerproses te gebruik.

2.2 Die doel van die navorsingsproses is om nuwe kennis te produseer.

2.3 Data kan uit getalle, woorde of beelde bestaan.

2.4 Menslike en Sosiale Ontwikkeling behels die studie en begrip van hoe mense en die samelewing kan groei, ontwikkel, verander en aanpas.

2.5 Om 'n teorie te skep, beteken om 'n saak te ondersoek wat reeds bestaan.

2.6 Opvoedkundiges doen hoofsaaklik navorsing om kliënte se reaksies op 'n nuwe produk te bepaal.

2.7 Sintese verwys na die vermoë om inligting te beoordeel, om 'n mening te vorm en daardie mening te motiveer.

2.8 Informele leer is nie belangrik nie en mens kan in die lewe daarsonder klaarkom.

2.9 As 'n persoon aan hoërisiko-gedrag deelneem, is daar 'n baie groot kans dat daardie persoon ongesond sal word.

2.10 Oefening kan stresvlakke verminder en dit kan jou gemoedstemming verbeter.

2.11 Vir die masels-entstof om doeltreffend te wees, moet dit twee keer aan 'n baba, op sekere stadiums, toegedien word.

2.12 Om higiënies in die kombuis te wees, moet die asblik naby die kombuisdeur gehou word.

2.13 Om te hoes, sonder om jou mond te bedek, is 'n gesonde gewoonte.

2.14 Koolhidrate is bronne van energie-produserende verbindings en is baie belangrik vir mense wat baie oefening doen.

2.15 'n Gebalanseerde dieet moet baie versadigde vette bevat.

2.16 Voorbeelde van minerale is kalsium en magnesium.

2.17 ’n Gebrek aan vitamien A kan tot nagblindheid lei.

2.18 Vitamien C kan nie deur die liggaam gestoor word nie en moet dus op 'n gereelde basis aangevul word.

Kopiereg voorbehou

2.19 Wanvoeding word gewoonlik deur faktore soos armoede en droogtes vererger.

2.20 Welstand verwys bloot na 'n persoon wat beide gesond en gelukkig is.

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Energie wat deur ons kos verskaf word, word in … gemeet.

A kilogram
B gram
C kilojoules
D vet

3.2 Armoede is die gebrek aan …

A 'n motor.
B basiese hulpbronne.
C oorvloedige kos.
D baie vriende.

3.3 Mense wat in 'n omgewing leef sonder die basiese benodighede, het deprivasie ten opsigte van …

A opvoeding.
B gesondheid.
C werksgeleenthede.
D die omgewing.

3.4 Die armoede- … verwys na die minimum vlak wat nodig is om 'n voldoende lewenstandaard te bereik.

A lyn
B koers
C totaal
D loon

3.5 Mense met … vlakke van skoolopleiding is meer geneig om arm te wees.

A lae
B hoë
C medium
D voldoende

3.6 As 'n land se bevolking … sy ekonomie groei, sal daardie land meer geneig wees om 'n hoë koers van armoede te hê.

A stadiger as
B vinniger as
C dieselfde as
D meer onbestendig as

3.7 Lewensverwagting in die armste lande is …

A baie hoog.
B baie goed.
C baie laag.
D voldoende.

3.8 Wanneer 'n regering doeltreffend en regverdig is, en nie korrup is nie, word daarna verwys as …

A swak staatsbestuur.
B normaal.
C abnormaal.
D goeie staatsbestuur.

3.9 … is finansiële hulp wat aan behoeftiges verskaf word.

A Maatskaplike toelaes
B Inflasie
C Belasting
D Beleide

3.10 As jy … is, kan jy jouself onderhou.

A gemarginaliseer
B geïntegreer
C oneensgesind
D selfversorgend

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Geestesprosesse, soos persepsie, geheue en denke	A	sosio-affektiewe ontwikkeling
4.2	Ontwikkeling van die spiere, om in georganiseerde patrone te werk	B	gelykheid
4.3	Die ervaring van gevoelens of emosies	C	kognitiewe ontwikkeling
4.4	Almal is gelyk voor die reg	D	psigomotoriese ontwikkeling
4.5	Almal het die reg om nie hul huis te laat deursoek sonder 'n lasbrief nie	E	privaatheid
4.6	Om teen mishandeling beskerm te word	F	enkelmedium-instellings
4.7	Leerplekke wat in een taal onderrig gee	G	kinderreg
4.8	Kinders van geboorte tot nege jaar oud	H	VKO (‘ECD’)
4.9	MIV-persoon wat hulp van 'n regeringsprogram ontvang	I	tender
4.10	'n Besigheidsvoorstel	J	toelae
		K	gemeenskapsgebaseerde sorg

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

Voltooi die volgende sin of sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (5.1–5.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

5.1 Om 'n ongeskiktheidstoelae te ontvang, moet 'n persoon … jaar en ouer wees.

5.2 ’n Kind kan in pleegsorg geplaas word indien die kind geen ….

5.3 'n … word aan primêre versorgers van een of meer kinders betaal.

5.4 'n Man kan vir ouderdomspensioen aansoek doen as hy ouer as … jaar is.

5.5 Om 'n toelae te ontvang, moet 'n persoon deur 'n … toets kwalifiseer.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Samuel is 'n graad 9-leerder by Morningside Sekondêre Skool. Sy Lewensoriëntering-onderwyser het 'n taak uitgedeel wat behels dat hy navorsing oor die invloed van disleksie op kinders se kognitiewe ontwikkeling moet doen. Hy moet al sy inligting op die internet vind. Hy moet die term verduidelik en navorsing doen oor die effek wat dit op 'n kind se kognitiewe ontwikkeling het.

6.1.1 Beskryf die bogenoemde scenario primêre of sekondêre navorsing? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

6.1.2 Is dit kwalitatiewe of kwantitatiewe data wat Samuel sal insamel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

6.1.3 Definieer die term *disleksie.* (2)

6.1.4 Stel TWEE praktiese maniere voor oor hoe jy, as 'n VKO-praktisyn, 'n kind met disleksie in jou klaskamer kan bystaan. (2 × 2) (4)

6.1.5 Evalueer die belangrikheid daarvan om kinders met gestremdhede by hoofstroomskole in te sluit. (2 × 2) (4)

6.2 Verduidelik hoe die volgende sistemiese hindernisse kan verhoed dat leerders optimale sal leer:

6.2.1 Oorvol klaskamers

6.2.2 Onveilige skole

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

6.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (6.3.1−6.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.3.1	Leesversteuring	A	diskalkulie
6.3.2	Skryfversteuring	B	depressie
6.3.3	Wiskunde versteuring	C	blindheid
6.3.4	Fisiologiese gestremdheid	D	disleksie
6.3.5	Chroniese gesondheidsprobleem	E	afasie
		F	MIV/VIGS
6.3.6	Gestremdheid	G	naarheid

(6 × 1) (6)

6.4 Noem en verduidelik TWEE regte wat 'n kind met 'n leerversteuring volgens die Grondwet van Suid-Afrika het. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 7

7.1 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.



7.1.1 Watter gevolgtrekkings kan jy uit die tabel hierbo maak? (2 × 2) (4)

7.1.2 Wat kan die gemeenskap doen om die aantal mishandelde kinders in die gemeenskap te verminder? Gee DRIE moontlike oplossings. (3 × 2) (6)

7.1.3 Onderskei tussen *intrinsieke* en *ekstrinsieke* hindernisse tot leer. (2 × 2) (4)

7.1.4 Wat is die oorsaak van FAS by kinders? (2)

7.1.5 Stel voor hoe skole kan seker maak dat kinders nie honger is wanneer hulle eksamen moet skryf nie. (2 × 2) (4)

7.2 Noem DRIE metodes wat gebruik kan word om die bogenoemde data ook visueel te vertoon. (3)

7.3 Ontleed die uitwerking van ouerlike alkoholmisbruik op die emosionele ontwikkeling van kinders. (2 × 2) (4)

7.4 Dink jy die plaaslike regering kan help om die lewens van hierdie gemeenskap te verbeter? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

[30]

VRAAG 8

8.1 Dui aan of die volgende faktore die kritieke kruisvelduitkomste beskryf wat leerders tydens die onderrig- en leerproses moet leer. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

8.1.1 Identifiseer en los probleme op

8.1.2 Werk doeltreffend, as lede van 'n span, met ander saam

8.1.3 Wees kultureel en esteties sensitief, oor 'n reeks sosiale kontekste

8.1.4 Verken onderwys- en loopbaangeleenthede

8.1.5 Kommunikeer effektief deur visuele, simboliese en taalvaardighede te gebruik

8.1.6 Ontwikkel entrepreneursgeleenthede

8.1.7 Organiseer en hanteer hulself, en hul aktiwiteite, verantwoordelik en effektief

8.1.8 Gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities

(8 × 1) (8)

8.2 Dui aan die positiewe impak wat goeie voeding en sorg op die volgende het:

8.2.1 Psigomotoriese ontwikkeling van 'n kind

8.2.2 Kognitiewe ontwikkeling van 'n kind

(2 × 4) (8)

8.3 Ontleed die impak wat maatskaplike toelaes op armoede-vermindering kan hê. (3)

8.4 Bestudeer die volgende gestremdhede en meld elke keer of die gestremdheid 'n geestelike, sensoriese, neurologiese of fisiese aantasting is:

8.4.1 Epilepsie

8.4.2 Blindheid

8.4.3 Persoon met IK van 70

8.4.4 Persoon in 'n rolstoel

(4 × 1) (4)

8.5 Hoekom dink jy is dit belangrik vir die regering om entrepreneurskap by leerders aan te moedig?

Beskryf DRIE voordele kortliks. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

8.6 Kies die korrekte woord uit die opsies tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die nommer (8.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Wanneer jy 'n onregverdige voorkeur of afkeer teenoor iets of iemand het, is jy (bevooroordeeld/regverdig). (1)

[30]

VRAAG 9

Bestudeer die spotprente hier onder en beantwoord dan die vrae.



9.1 Vergelyk volwasse en kinderdeelnemers in terme van hul gedrag tydens navorsing. (2 × 2) (4)

9.2 Evalueer krities die belangrikheid van die volgende etiese riglyne waaraan navorsers tydens navorsing moet voldoen:

9.2.1 Toestemming

9.2.2 Vertroulikheid

9.2.3 Terugrapportering

(3 × 2) (6)

9.3 Voorspel die uitkoms van die navorsing, in terme van die volgende scenario's:

9.3.1 Die navorser se vrae in die vraelys was leidend en gee 'n aanduiding van die antwoord, om sekere antwoorde te verkry.

9.3.2 Die respondente het geweier om baie van die vrae op die vraelys te beantwoord, omdat dit bevooroordeeld was.

9.3.3 Die veldwerker het nie die geografiese riglyne gevolg nie en het slegs onderhoude met mense na aan sy/haar huis gevoer.

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

9.4 Bespreek krities die neiging van studente om tydens navorsing inligting vanaf die internet te *kopieer* en *plak*. (2 × 2) (4)

9.5 Hoekom dink jy is dit moeiliker vir arm mense om hul potensiaal ten opsigte van hul opvoeding te bereik? (2 × 2) (4)

9.6 Beoordeel of dit verstandig vir 'n navorser is om 'n groot steekproefraamwerk te hê wanneer hy/sy slegs beperkte tyd het om die navorsing te doen. (2)

9.7 Verduidelik die belangrikheid van die gebruik van oop-antwoordvrae in 'n vraelys.

(2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou